| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | **BYWONING** | | | |
| | J. Deventer (JD) | SANParks | 027 672 1948 | |
| | G. de Kock (GdK) | SANParks | 027 672 1843 | |
| | K. Helmut (KH) | Kamies Kroon Hotel | 027 672 1614 | |
| | R. Smart (RS) | SANParks | 076 829 2920 | |
| | A. Le Roux (AIR) | Cape Nature | 082 484 6993 | |
| | G. Nel (GN) | SEF | 082 874 1910 | |
| | V. Napier (VN) | SEF | 078 278 2898 | |
| 2. | **VERWELKOMING**<br>G.Nel (GN) het almal by die vergadering verwelkom. | | | **TERUGVOER** |
| 3. | **INLEIDING TOT DIE VERGADERING**<br>GN het Gevra dat die teenwoordige partye, 'n indikasie van die mees gewenste alternatiewe op 1:50 000 en 1:250 000 kaarte aantoon. GN het gevra of daar na ten minste die alternatiewe gekyk kan word. | | | |
| 4. | **PUBLIKE TERUGVOER** | | | **REAKSIE** |
| 4.1 | Almal teenwoordige het saamgestem dat Eskom se kraglyne deur die Namakwa Nationale Park kan gaan op voorwaarde dat dit langs die Hondeklip pad. Dus van Grootmis af al met die kus af loop tot by Koiingnaas. Van Koiing naas al met die pad langs tot by die Honneklipbaai-Garies pad. En lands die pad deur die nuwe deel van die Namakwa Nationale Park in 'n oostelike rigting. Ongeveer 2.5 tot 3km Oos van die heel Oostelikste deel van die nuwe park uitbreiding kan die lyn weer in 'n Suidelike rigting loop. | | | J. Deventer (JD) het aangedui dat die Hondeklip/kusroete alternatief die enigste alternatief is om deur die Namakwa Nationale Park te gaan.<br><br>JD het ook beklemtoon dat DEAT en die SANParke direktoraat die voorstel eers moet bevestig voor dit as die beste alternatief gesien moet word. |

| | | |
|---|---|---|
| | | A. Le Roux (AIR) het bygevoeg dat die omgewing makliker sal herstel kus langs in die sand as deur die Knersvlakte. |
| 4.2 | H. Kohrg (HK) wou weet watter voordele Namakwaland uit die projek sal kry. Hy het gesê dat alles wat voorgestel word slegs vir die Kaap voordeel bide en wou weet hoekom die Namakwalandse gemeenskaap dit moet toelaat as hulle niks daaruit kry nie. | Almal het saamgestem en gevra of Eskom nie iets aan die Namakwa Nationale Park gaan gee as belonging nie. Daar is voorgestel dat 'n gedeelte van die Park se elektrisiteit gesubsideer word. |
| 4.3 | AIR het aangedui dat die oprigting van die kragpale nie die probleem is nie, maar dat dit eintlik die beweging van die konstruksie voertuie is wat die grootste versteuring sal veroorsaak. Sy het aangedui dat hierdie versteuring nie in die Knersvlakte toegelaat sal word nie. Sy wou ook weet of daar 'n ekologiese beampte teenwoordig sal wees wanneer Eskom met konstruksie begin om streng teosig te hou. | GN het gesêdat dit 'n baie goei idea is en dat hy dit ook aan Eskom sal voorstel, spesifik vir die gedeelte wat deur die Namakwa Nationale Park gaan. |
| 4.4 | AIR het ook aangedui dat die Kamiesberg baie bedreigde spesie het en dat sy ook die kusroete alternatief steun eeder as om oor die berge te gaan. | |
| 4.5 | G. de Kock (GdK) het bygevoeg dat daar | |

| | | |
|---|---|---|
| | minder sensitiewe gebiede is langs die Kus, maar het genome dat die verkiesde roete net die belangride toerisme roetes en omgewings bewarings gebiede in aanmerking neem. Hy het saamgestem dat die kraglyne langs die bestaande paaie gebou moet word omdat die impak minder sal wees. | |
| 4.6 | JD het weer Namakwaland se voorwarde genoem. Hy het weer voorgestel dat Eskom 'n gedeelte van die elektrisiteits voorsienning aan die Namakwa Nasionale Park subsideer. | GdK het gesê dat hulle nie onredelik moet wees nie en dat almal wat deur die projek geaffekteer word saam moet werk omdat ontwikkeling 'n menslike prioriteit is.<br><br>JD en R. Smart (RS) het voorgestel dat Eskom die Namakwa Nationale Park op 'n ander manier kan verged as hulle nie krag wil subisdeer nie. Hulle het voorgestel dat Eskom vir die Namakwa Nationale Park assisteer om addisionele grond aan te koop vir verdure uitbreiding van die park. |
| 4.7 | RS het aangedui dat die hoof doel van die korridor is om spesie oorlewing gedurende klimaat verandering (Globale Verwarming) te verseker. | |
| 4.8 | JD verkies dat die kraglyne langs die N7 loop. | AIR het weer nagedruk |

| | | |
|---|---|---|
| | HK verkies eerder dat die kraglyne deur Boesmanland gaan, verby Vaalpits. | dat kraglyne deur die Knersvlakte nie 'n alternatief vir Eskom moet wees nie. |
| 4.9 | HK was nie baie gelukkig nie. Hy het almal herhinder dat daar altyd onderhoud op die kraglyne sal wees en dat dit altyd 'n impak op die omgewing sal hê. | |
| 4.10 | GN het weer gevra vir nog twee alternatiewe wat SANParks sal ondersteun. | Almal het saamgestem dat as die voorgestelde projek moet voortgaan, die roete deur die Boesmanland hulle eerste alternatief is. Die tweede alternatief is die roete wat kuslangs loop en die derde die roete langs die N7. |
| 4.11 | HK het aangedui dat R600 mil ekstra rand nie so baie is nie en dat as Eskom vir elke elektrisiteits gebruiker ekstra vra, hulle die kostes vinnig kan terug kry. Hy het verder gese dat die gemeenskap aan die omgewing moet dink en mense behoort daarvoor te betaal as hulle moet. Hy het gese dat elektrisiteit in SA elkgeval die goedkoopste in die wêreld is. | |
| 5. | **AFSLUITING** | |
| 5.1 | GN het aan die vergadering gevra of hulle almal saamstem met die voorgenome roete vir die kraglyne wat op die kaarte aangedui is. | Die hele vergadering het saamgestem. |

| | | |
|---|---|---|
| 5.2 | GN het gevra of daar enige verdere vrae is. Nadat daar 'n aanduiding gegee is dat daar geen verdere vrae was nie, is die vergadering verdaag. | |